RAADSBELEID

ONDERWERP : HULPTOEKENNINGS/VRYSTELLING VAN BELASTING TEN OPSIGTE VAN ONROERENDE GOED

VERWYSING : 5.3.1.3

BESLUIT NR : 27/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Om te verseker dat daar konsekwent opgetree word in die toekenning van Hulptoekennings soos vervat in Artikel 81(1) van Ordonnansie 20 van 1974.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Dit is deel van die Raad se sosiale verpligting om, aan die hand van die toepaslike wetgewing vir sekere klasse van belasbare eiendomme hulptoekennings toe te staan.

RIGLYNE

Die volgende klasse belasbare eiendomme kwalifiseer by die Raad vir die volgende persentasie hulptoekennings: [alfabeties genommer kragtens die toepaslike paragrawe in Artikel 81(1)]

a) Belasbare eiendom geregistreer in die naam van ‘n Raad, wat aan die werknemers van sodanige Raad vir woondoeleindes verhuur word.

1) 100% Aan amptenare wat verplig is om raadswonings te bewoon.
2) Geen toelae aan alle ander amptenare wat raadswonings bewoon.

b) Belasbare eiendom geregistreer in die naam van ‘n Raad, wat deur sodanige Raad verhuur word teen ‘n jaarlikse huurgeld wat laer is as die bedrag wat die Administrateur by kennisgeweing in die Offisiële Koerant bepaal.

1) 80% Op algemene belasting aan alle huurders van staatsbehuising wat voorheen vrygestel is.
2) Dat die belasting as deel van die huurgeld gehef word en teen 20% per jaar infaseer word totdat geen hulptoekenning meer van toepassing is.

e) Met die goedkeuring van die LUR van Behuising en Plaaslike Regering, belasbare eiendom geregistreer in die naam van ‘n inrigting of organisasie, wat na die oordeel van die Raad liefdadigheidswerk verrig.

1) 100% Onderworpe aan goedkeuring.

2) Ander soortgelyke organisasies kan by die Raad om hulptoelae aansoek doen.

j) Sportgronde wat vir die doel van amateursport en enige sosiale bedrywighede wat met sodanige sport verband hou, gebruik word.

100% behalwe op sportgronde in privaat besit.

k) Belasbare eiendom geregistreer in die naam van die Padvinders, Padvindsters, Seevinder, Voortrekkers of enige organisasie wat na die oordeel van die Raad soortgelyk is of enige belasbare eiendom wat deur ‘n Raad aan enige van genoemde organisasies verhuur word

100%.

m) Belasbare eiendom geregistreer in die naam van ‘n inrigting of organisasie wat uitsluitlik die beskerming van mak of wilde diere of voëls ten doel het.

100%.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om uitvoering aan hierdie beleid te gee.

1. Die belasting, op alle eiendomme wat vir die hulptoekenning kwalifiseer, word deur die Belastingafdeling gehef, behalwe in die geval van staatsbehuising wat by die Belasting afdeling as vrygestelde eiendom bly, aangesien hul belasting by die huurgeld ingesluit word.

2. Die persentasie hulptoekenning word, nadat dit deur die Raad goedgekeur is, afgeskryf.

3. Alle geregistreerde eienaars wat op hulptoekenning aanspraak maak, moet jaarliks skriftelik daarvoor aansoek doen, met dien verstande dat die subekonomiese huise en woonstelle asook ander raadseiendomme geag te word om te kwalifiseer vir die hulptoekenning en daar dus nie ‘n aansoekprosedure is nie.

4. Dat die begunstigdes wat in terme van paragraaf 3 kwalifiseer vir hulptoekennings, die Raad moet inlig sodra die gebruik van die betrokke eiendom verander.

ROLLE

Die Subdirektoraat Finansies.

VERWANTE BELEID

1. Munisipale Ordonnansie 20 van 1974.
2. Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van1993).
3. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 Wet 32 van 2000).

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.